# DIE SKIETLOOD

231e Uitgawe 18 Oktober 2024
saam met Koersvas 231

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS TEKS:**

**Vraag 2**: *Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?*

**Antwoord:** *Drie dinge (Matteus 11:28-30; Efesiërs 5:8): eerstens, hoe groot my sonde en ellende is (Johannes 9:41; Matteus 9:12; Romeine 3:10; 1 Johannes 1:9, 10); tweedens, hoe ek van al my sonde en ellende verlos word; (Johannes 17; Handelinge 4:12; 10:43) en derdens, hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (Efesiërs 5:10; Psalm 50:14; Matteus 5:16; 1 Pet 2:12; Romeine 6:13; 2 Timoteus 2:15).*

**Kommentaar:**

**<u>Vraag</u>**: Noudat ons weet wat ons enigste troos is en weet wat die "goeie" is wat bo lewe en dood uitstyg, kom vraag twee nou met die praktiese toepassing van hierdie wete. Wat moet ons weet binne die raamwerk van "die grootste goed bo tyd uit" ? Hierdie vraag rig ons op praktiese kennis. Die vraag lei ons tot 'n antwoord wat die hele Heidelbergse kategismus omsluit, 'n indeling wat volgens Ursinus Wet en Evangelie impliseer.

**<u>Antwoord</u>**:

<u>Sonde</u>: Dit klink teenstrydig om 'n vraag oor troos te begin met verwysing na sonde. Die verwysing na sonde op sigself is alles behalwe 'n troos. Tog is dit 'n noodsaaklike deel van die volledige antwoord.

Die kennis van die volle omvang van sonde en ellende maak ons des te meer bewus van die absolute verlore toestand van die mens. Die siek mens se begeerte om die dokter te sien is direk proporsioneel tot hoe siek daardie mens is. Die mens se soeke na verlossing is op dieselfde manier gekoppel aan die besef en wete van sy eie verlore toestand. Ons kennis van die sonde en ons eie sondige bestaan, gaan direk proporsioneel wees tot ons begeerte om verlossing te vind. Dit gaan egter oor meer as dit, hoe erger die siektetoestand, hoe meer is ons dankbaar vir die genesing. Net so sal 'n diepe begrip van sonde en dood, lei tot 'n diepe begrip, waardering en dankbaarheid vir die verlossing wat ontvang word.

Die vlakke van dankbaarheid is gekoppel aan die besef van die verlore toestand van die mens. Kennis van die totaal-verlore toestand van die mens, sal lei tot totale dankbaarheid. Enige dankbaarheid wat laer as totale dankbaarheid is op die glyskaal van dankbaarheid, is eintlik ondankbaarheid gemeet teen die grootheid van sonde en dood.

Enige prediking wat nie vertrek vanuit hierdie beginpunt van totale verlore mensdom nie, gaan die mens se waardering en dankbaarheid vir absolute genade minder maak as wat dit moet wees. Jy kan nie die Evangelie behoorlik hoor, as jy nie ordentlik onder die indruk van jou sonde gekom het nie. Kennis van jou eie situasie dwing jou tot bekering en dankbaarheid.

<u>Verlossing</u>: Ons word getroos in die wete dat ons verlos is. Kennis van sonde sonder kennis van verlossing, is destruktief en sal ons op moedverloor se vlakte plaas. Saam met die kennis van verlorenheid kom die begeerte om van

daardie toestand verlos te word. Dit is logies dat ons net sal reik na verlossing indien ons volle kennis dra van ons verlore bestaan. Ons kennis van sonde lei daartoe dat ons verlossing heelhartig aangryp. Ons vind troos in die wete dat ons verlos is. 'n Onbekende troos kan nie troos nie. Hierdie punt is baie belangrik om te onthou in enige gesprek met iemand wat sou beweer dat almal gered is. Onbekend maak onbemind.
Kennis van ons verlossing verhoed dat ons lewenslange strewes en soektogte begin na 'n verlossingsmeganisme, of dat ons iemand anders se pypdrome aangryp. In geloof ontvang ons redding, onverdiend.
Slegs deur kennis van sonde kan ons troos en gerusstelling vind in die genade wat ons onverdiend ontvang. Kennis van die verlossing wat ons ontvang, lei ons ook daartoe om nie eie verlossings-meganismes te soek of uit te dink nie. Dan kan ons ook in geloof hierdie genade dankbaar ontvang.

<u>Dankbaarheid</u>:
Dit val vreemd op die oor om na dankbaarheid te verwys as iets wat deel van troos is. Ons vervlak dankbaarheid tot 'n gevolg van troos. Die Kategismus wil dit ietwat anders verstaan. Dit behaag God om genade te skenk aan die dankbare mens. Ons dankbaarheid is dan ons troos omdat dit teken is dat God hierdie genade aan ons skenk. Dankbaarheid is die begin en einddoel van ons verlossing.
Ons dankbaarheid moet natuurlik 'n bepaalde vorm aanneem. Ons kan nie ons dankbaarheid anders bewys as wat dit in die Skrif aangedui word nie. Ons is dankbaar teenoor God, en kan nie na eie wil en gevoel ons dankbaarheid betuig nie, ons moet dit so doen en wys dat dit God behaag.
Hierdie dankbaarheid is ook van alle meriete ontdaan. Wat ons ookal aan God opdra, wat ons ookal doen in die skepping, wat ons ookal doen aan onsself en ons medemense, is alles tekens van dankbaarheid oor die genade wat ontvang is, sonder een snars van meriete of prestasie.
Dankbaarheid is gebou op die kennis van verlossing. Die eerste ontvanger van ons dankbaarheid, is God. Ons as skepsel het vervolgens 'n dankbaarheid wat ons teenoor God betoon in die manier waarop ons die rentmeester taak volvoer. Ons is sosiale wesens en ons medemense word dan ook deel van ons dankbare optrede.
Die Evangelie leer ons hoe om hierdie dankbaarheid te toon. Dit geskied by wyse van voorbeeld, versoek, voorskrif, profesie en vele meer. Ons moet die volle diepte en reikwydte van die genade raaksien om te besef dat ons dankbaarheid eweneens multi-dimensioneel uitgeleef word.